Hospitaalontvangste / Hospital receipts	4 765 506	30 856 776	1 732 472	10 910 620	17 800 126	43 327 166	2 064 124	9 876 297	26 362 228	94 970 859
Ander ontvangste/Other receipts	1 060 327	13 693 931	6 630 613	22 679 360	3 042 564	34 223 188	881 556	4 596 080	11 615 060	75 192 559
Boetes en verbeurdverklarings/Fines and forfeitures	2 390	13 845	359 280	2 242 441	3 273 947	17 075 451	260 315	1 873 859	3 895 932	21 205 596
Venduregte/Auction dues	—	—	50 559	312 660	—	—	59 644	244 315	110 203	556 975
Belasting op vermaaklikhede/Entertainment tax	—	—	—	—	—	—	4 513	11 965	4 513	11 965
Belasting op wedrenne en weddenskappe/Racing and betting taxation	1 555 710	9 654 891	969 810	6 824 507	4 801 675	29 051 497	497 392	2 737 754	7 824 587	48 268 649
Wielbelasting en bydraes/Wheel tax	—	—	—	4	—	—	610	9 637	610	9 641
Swart hospitaalbelasting en bydraes/Black hospital tax and contributions	—	—	—	—	—	—	918	4 079	918	4 079
Totale/Totals..... R	14 486 655	99 795 159	15 011 488	76 480 397	40 694 317	214 160 135	4 495 208	25 087 291	74 687 668	415 522 982
Totale/Totals (1984–85) ..... R	16 247 113	84 576 319	12 841 218	70 941 061	34 108 685	197 411 348	4 603 352	22 773 002	67 800 368	375 701 730

A. H. VAN WYK,
Direkteur-generaal: Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.
Director-General: Department of Constitutional Development and Planning.

No. 2612 **22 November 1985**

DORPSBESTUUR VAN WATTVILLE.—VORDERINGS VIR DIENSTE

Ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, heg hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 27 van die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982 (Wet 102 van 1982), my goedkeuring aan die verordeninge van die Dorpsbestuur van Wattville vervat in bygaande Bylae, welke verordeninge op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

J. C. HEUNIS,
Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

(Lêer A2/17/8/21/W54)

BYLAE

DORPSBESTUUR VAN WATTVILLE.—VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VORDERING VAN BEDRAE VIR DIENSTE

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

"besigheidsperseel" 'n perseel afgesonder vir handels-, besigheids- of beroepsdoeleindes, en sluit enige perseel in wat gebruik word vir 'n drankwinkel of biersaal;

"besigheidsverbruiker" die houer van 'n besigheidsperseel;

"dorp" die regsgebied van die Dorpsbestuur;

"Dorpsbestuur" die Dorpsbestuur van Wattville ingestel by Goewermentskennisgewing 2050 van 16 September 1983 en, met betrekking tot enige handeling wat verrig moet word, sluit dit die toepaslike departement of werknemer van die Dorpsbestuur in;

"houer" 'n persoon aan wie 'n perseel, woning, gebou of ander struktuur toegewys is, die houer van 'n reg van huurpag of iemand wat met die goedkeuring van die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning 'n ooreenkoms of transaksie aangegaan het vir die verkryging van grond of 'n perseel of van 'n reg op of 'n belang in grond of 'n perseel;

"huishoudelike verbruiker" die houer van 'n woonperseel;

"minimum heffing" die bedrag betaalbaar deur die houer ten opsigte van water of elektrisiteit, ongeag of water of elektrisiteit gedurende enige maand gelewer of verbruik is al dan nie;

"munisipale kantoor" die kantoor van die Dorpsbestuur geleë te Readingweg, Benoni;

"nywerheidsperseel" enige perseel waarop 'n bedryf soos bedoel in die Wet op Myne en Bedrywe, 1956 (Wet 27 van 1956), of 'n fabriek soos bedoel in Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984 uitgeoefen of bedryf word, en sluit dit kantore en geboue in wat direk of indirek gebruik of geokkupeer word in verband met sodanige bedryf of fabriek, en sluit dit voorts enige perseel in wat as 'n nywerheidsperseel gesoneer of toegeken is;

"nywerheidsverbruiker" die houer van 'n nywerheidsperseel;

"perseel" 'n perseel in die dorp, aangedui op die goedgekeurde uitlegplan wat ter insae by die munisipale kantoor lê;

"woonperseel" enige perseel wat nie 'n besigheids- of nywerheidsperseel is nie.

No. 2612 **22 November 1985**

VILLAGE COUNCIL OF WATTVILLE.—CHARGES FOR SERVICES

I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, do hereby, under and by virtue of the powers vested in me by section 27 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), approve the by-laws of the Village Council of Wattville contained in the accompanying Schedule, which by-laws shall come into operation on the first day of the month following the date of publication hereof.

J. C. HEUNIS,
Minister of Constitutional Development and Planning.

(File A2/17/8/21/W54)

SCHEDULE

VILLAGE COUNCIL OF WATTVILLE.—BY-LAWS RELATING TO THE MAKING OF CHARGES IN RESPECT OF SERVICES

DEFINITIONS

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates—

"business consumer" means the holder of a business site;

"business site" means any site set aside for trading, business or professional purposes and includes any site used for a bottle store or beer hall;

"holder" means any person to whom a site, dwelling, building or other structure has been allocated, the holder of a right of leashold or a person that, with the approval of the Minister of Constitutional Development and Planning, has entered into an agreement or transaction for the acquisition of land or a site or of a right to or an interest in land or a site;

"household consumer" means the holder of a residential site;

"industrial consumer" means the holder of an industrial site;

"industrial site" means any site upon which works as referred to in the Mines and Works Act, 1956 (Act 27 of 1956), are carried on or a factory as referred to in Government Notice R. 2206 of 5 October 1984 is operated and includes offices or buildings directly or indirectly used or occupied in connection with such works or factory and further includes any site zoned or allocated as an industrial site;

"minimum charge" means the amount payable by the holder in respect of water or electricity, whether or not water or electricity has been supplied or consumed during any month;

"municipal office" means the office of the Village Council situated in Reading Road, Benoni;

"residential site" means any site other than a business or industrial site;

"site" means a site in the town shown on the approved lay-out plan, which is open for inspection at the municipal office;

"town" means the area of jurisdiction of the Village Council;

"Village Council" means the Village Council of Wattville established by Government Notice 2050 of 16 September 1983 and, in relation to anything to be done, includes the appropriate department or employee of the Village Council.

WATER EN ELEKTRISITEIT

2. (1) Die bedrae in hierdie regulasie vasgestel, word betaal aan die Dorpsbestuur deur elke houer in die dorp ten opsigte van—

(a) water gelewer aan die perseel: 56c per kiloliter;

(b) elektrisiteit gelewer aan die perseel, per perseel per maand, in die geval van—

(i) huishoudelike verbruikers: 9,31c per eenheid vir die eerste 30 eenhede en 6,78c per eenheid daarna: Met dien verstande dat 'n minimum heffing van R2,80 per maand betaalbaar is;

(ii) besigheids- en nywerheidsverbruikers: 14,64c per eenheid vir die eerste 100 eenhede en 7,82c per eenheid daarna. Met dien verstande dat 'n minimum heffing van R14,64 per maand betaalbaar is.

(2) 'n Bedrag van R10 is vooruit aan die Dorpsbestuur betaalbaar vir elke heraansluiting waar 'n diens kragtens regulasie 5 gestaak is.

HUISVESTINGSGELDE

3. 'n Inwoner van die hostel betaal vooruit aan die Dorpsbestuur 'n bedrag van R18 per bed per maand vir huisvesting en die gebruik van gemeenskaplike dienste en geriewe.

DATUM EN PLEK VAN BETALING

4. Enige bedrag betaalbaar aan die Dorpsbestuur kragtens hierdie verordeninge word gedurende normale kantoorure betaal by enige kantoor van die Dorpsbestuur wat vir dié doel afgesonder is, en is, uitgesonderd 'n betaling ingevolge regulasie 2 (2), betaalbaar voor of op die sewende dag van die maand wat volg op die datum van inwerkingtreding van hierdie verordeninge, en daarna voor of op die sewende dag van elke daaropvolgende maand.

WANBETALING VAN BEDRAE

5. Indien enigiemand versuim om enige bedrag wat deur hom kragtens hierdie verordeninge verskuldig is, te betaal binne 30 dae ná die datum in hierdie verordeninge bepaal, kan die Dorpsbestuur sonder benadeling van enige ander regsmiddel tot sy beskikking—

(a) enige of alle dienste aan die betrokke perseel staak totdat alle uitstaande bedrae betaal is;

(b) sodanige regstappe doen as wat nodig mag wees om sodanige agterstallige bedrae te verhaal;

(c) op sodanige persoon enige koste aangegaan vir die invordering van die agterstallige bedrae, verhaal.

MISDRYWE EN STRAWWE

6. (1) Enige persoon wat 'n seël wat aan enige water- of elektrisiteitsmeter aangebring is, breek of beskadig, of wat die elektrisiteitstoevoer na 'n perseel op onregmatige wyse verkry of weer instel, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R250 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

(2) In enige vervolging waarin daar beweer word dat 'n seël wat aan 'n water- of elektrisiteitsmeter aangebring is, beskadig of gebreek is, of waarin daar beweer word dat die water- of elektrisiteitstoevoer na 'n perseel enigsins op onregmatige wyse verkry of weer ingestel is, word daar, totdat die teendeel bewys is, vermoed dat die houer die seël beskadig of gebreek het of die elektrisiteitstoevoer verkry of weer ingestel het.

UITSLUITINGS EN VOORBEHOUDE

7. (1) Regulasie 11 (4) van Hoofstuk III en regulasie 84 van Hoofstuk VII van Goewermentskennisgewing R. 1107 van 30 Mei 1984 word hierby uitgesluit.

(2) Niks in hierdie verordeninge vervat, onthef 'n persoon van aanspreeklikheid vir die betaling van enige bedrag nie of verhinder dat enige stappe kragtens wet gedoen word as gevolg van versuim om sodanige betaling te maak.

WATER AND ELECTRICITY

2. (1) The charges fixed in this regulation shall be paid to the Village Council by every holder in the town in respect of—

(a) water supplied to the site: 56c per kilolitre;

(b) electricity supplied to the site, per site per month, in the case of—

(i) household consumers: 9,31c per unit for the first 30 units and 6,78c per unit thereafter: Provided that a minimum charge of R2,80 per month shall be payable;

(ii) business and industrial consumers: 14,64c per unit for the first 100 units and 7,82c per unit thereafter: Provided that a minimum charge of R14,64 per month shall be payable.

(2) An amount of R10 shall be payable in advance to the Village Council for every reconnection where any service has been discontinued under regulation 5.

ACCOMMODATION CHARGES

3. A resident of the hostel shall pay in advance to the Village Council an amount of R18 per bed per month for accommodation and the use of communal services and facilities.

DATE AND PLACE OF PAYMENT

4. Any charge payable to the Village Council under these by-laws shall be paid at any office of the Village Council set aside for that purpose during the normal office hours of such office and, except for a payment in terms of regulation 2 (2), shall be payable on or before the seventh day of the month following the date upon which these by-laws come into operation and thereafter on or before the seventh day of each and every succeeding month.

NON-PAYMENT OF CHARGES

5. Should any person fail to pay any amount due by him under these by-laws within 30 days after the date determined in these by-laws, the Village Council may without prejudice to any other legal remedy at its disposal—

(a) discontinue any or all services to the site concerned until all outstanding amounts have been paid;

(b) take such legal steps as may be necessary to recover such arrear amounts;

(c) recover from such person any costs incurred in the collection of such arrear amounts.

OFFENCES AND PENALTIES

6. (1) Any person that damages or breaks any seal affixed to any water or electricity meter or that unlawfully obtains or restores the electricity supply on or to a site in any manner shall be guilty of an offence and shall, upon conviction, be liable to a fine not exceeding R250 or to imprisonment for a period not exceeding three months.

(2) In any prosecution in which it is alleged that a seal affixed to a water or electricity meter has been damaged or broken or in which it is alleged that the water or electricity supply has in any way been unlawfully obtained on or restored to a site, it shall be presumed, until the contrary is proved, that the holder has damaged or broken the seal or obtained or restored the electricity supply.

EXLUSIONS AND SAVINGS

7. (1) Regulation 11 (4) of Chapter III and regulation 84 of Chapter VII of Government Notice R. 1107 of 30 May 1984 are hereby excluded.

(2) Nothing contained in these by-laws shall absolve any person from liability for the payment of any charges or preclude any steps that may by law be taken in consequence of the failure to make such payment.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 740 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

WET OP PLANTTELERSREGTE, 1976 (WET 15 VAN 1976)

TOESTAAN VAN PLANTTELERSREGTE

Ingevolge die bepalings van artikel 20 (2) (c) van die Wet op Planttelersregte, 1976 (Wet 15 van 1976), gelees met regulasie 10 (4) van die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing 2630 van 24 Desember 1980, word hiermee bekendgemaak dat die planttelersregte ten opsigte waarvan besonderhede in die Bylae hierby verskyn, toegestaan is.

A. J. CRONJÉ,

namens Registrateur van Planttelersregte.

GENERAL NOTICES

NOTICE 740 OF 1985

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

PLANT BREEDERS' RIGHTS ACT, 1976 (ACT 15 OF 1976)

GRANT OF PLANT BREEDERS' RIGHTS

In terms of the provisions of section 20 (2) of the Plant Breeders' Rights Act, 1976 (Act 15 of 1976), read with regulation 10 (4) of the regulations published in Government Notice 2630 of 24 December 1980, it is hereby made known that plant breeders' rights in respect of the applications, particulars whereof appear in the Schedule hereto, have been granted.

A. J. CRONJÉ,

for Registrar of Plant Breeders' Rights.

BYLAE/SCHEDULE

TOESTAAN VAN PLANTTELERSREGTE/GRANTS OF PLANT BREEDERS' RIGHT

Registrasie No. Registration No.	Naam en adres van houer Name and address of holder	Soort plant Kind of plant	Benaming Denomination	Naam en adres van agent Name and address of agent	Datum toegestaan Date granted
ZA 85235	G. Bührmann, Posbus/P.O. Box 306, Ermelo, 2350	*Glycine max* (Sojaboon/ Soya bean)	Success	Geen/None	1985-10-09
ZA 85236	*idem*	*idem*	Highveldtop	*idem*	*idem*
ZA 85237	J. Khoury, p/a Salon Nicole, Presidentlaan, Witbank, 1035	*Vitis vinifera* (Druif/ Grape)	Mystic Delight	Harvey Jonker Mostert and Whitter, P.O. Box 61, Witbank, 1035	*idem*
ZA 85241	D. T. Paulsens Planteskole, Kelleriis Vej 60, 3490 Kvistgard, Denmark	*Rosa hort* (Roos/Rose)	Poultex	Ludwigs Roses, P.O. Box 28165, Sunnyside, 0132	85-10-09
ZA 85242	*idem*	*idem*	Poulman	*idem*	*idem*
ZA 85243	*idem*	*idem*	Pouljenjoy	*idem*	*idem*
ZA 85244	Pepinieres et Rosaraies, George Delbard, Societe Civile Agricole in Malicorne, 03600 Commentry, France	*idem*	Delatur	*idem*	*idem*
ZA 85245	*idem*	*idem*	Delroceles	*idem*	*idem*
ZA 85246	W. Kordes Söhne, Sparrieshoop, Holstein, Fed. Republic of Germany	*idem*	Korsparko	*idem*	*idem*
ZA 85247	W. Kordes Söhne, Sparrieshoop, Holstein, Fed. Rep. of Germany	*Rosa hort* (Roos/Rose)	Korlyn	Ludwigs Roses, P.O. Box 28165, Sunnyside, 0132	1985-10-09
ZA 85248	*idem*	*idem*	Koryness	*idem*	*idem*
ZA 85249	*idem*	*idem*	Korvalue	*idem*	*idem*
ZA 85250	R. S. Moore, Sequoia Nursery, 2519E Noble Ave, Visalia, California 93277, USA	*idem*	Morecli	*idem*	*idem*
ZA 85251	*idem*	*idem*	Morpale	*idem*	*idem*
ZA 85252	G. de Ruiter, Postbus 50, 2390 AB Hazerswoude, Holland	*idem*	Ruisalro	*idem*	*idem*
ZA 85253	G. de Ruiter, Postbus 50, 2390 AB Hazerswoude, Holland	*Rosa hort* (Roos/Rose)	Amruda	Ludwig's Roses, P.O. Box 28165, Sunnyside, 0132	1985-10-09
ZA 85254	*idem*	*idem*	Runatro	*idem*	*idem*
ZA 85255	*idem*	*idem*	Ruiwita	*idem*	*idem*
ZA 85256	*idem*	*idem*	Ruimior	*idem*	*idem*
ZA 85257	*idem*	*idem*	Ruimired	*idem*	*idem*
ZA 85258	*idem*	*idem*	Ruitapaf	*idem*	*idem*
ZA 85259	*idem*	*idem*	Ruiredro	*idem*	*idem*
ZA 85260	*idem*	*idem*	Ruicharo	*idem*	*idem*
ZA 85261	*idem*	*idem*	Ruipiko	*idem*	*idem*

(22 November 1985)

KENNISGEWING 741 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID

HANDELSWAREMERKE-WET, 1941 (WET 17 VAN 1941)

VOORGENOME VERBOD OP DIE GEBRUIK VAN 'N SEKERE EMBLEEM, AFKORTING EN WOORDE IN ENGELS, FRANS EN SPAANS

Ooreenkomstig die vereistes van artikel 13 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby bekendgemaak dat die Wêreldorganisasie vir Intellektuele Eiendom (WIPO) ingevolge artikel 6*ter* van die Konvensie van Parys vir die beskerming van Industriële Eiendom, 1883, soos gewysig, 'n versoek namens die "INTERNATIONAL TELECOMMUNICATIONS SATELLITE ORGANIZATION" gerig het dat 'n verbod, kragtens artikel 15 (1) van die vermelde Wet, op die gebruik van die ondergemelde embleem, afkorting en woorde in Engels, Frans en Spaans, slegs in soverre as wat dit saam met die gemelde embleem gebruik word, geplaas word in verband met enige handel, besigheid, beroep of bedryf of in verband met 'n handelsmerk, merk of handelsomskrywing wat op ware aangebring is, uitgesonderd die gebruik daarvan deur die genoemde "INTERNATIONAL TELECOMMUNICATIONS SATELLITE ORGANIZATION".

NOTICE 741 OF 1985

DEPARTMENT OF TRADE AND INDUSTRY

MERCHANDISE MARKS ACT, 1941 (ACT 17 OF 1941)

PROPOSED PROHIBITION OF USE OF CERTAIN EMBLEM, ABBREVIATION AND WORDS IN ENGLISH, FRENCH AND SPANISH

In pursuance of the requirements of section 13 of the Merchandise Marks Act, 1941, it is hereby notified that the World Intellectual Property Organisation (WIPI) has, by virtue of article 6*ter* of the Paris Convention for the Protection of Industrial Property, 1883, as amended, conveyed a request on behalf of the INTERNATIONAL TELECOMMUNICATIONS SATELLITE ORGANIZATION for the prohibition in terms of section 15 (1) of the said Act, of the use of the undermentioned emblem, abbreviation and words in English, French and Spanish, only in so far as it is used together with the emblem in connection with any trade, business, profession or occupation or in connection with the trade mark, mark or trade description applied to goods, other than the use thereof by the said INTERNATIONAL TELECOMUNICATIONS SATELLITE ORGANIZATION.

INTELSAT

INTERNATIONAL TELECOMMUNICATIONS SATELLITE ORGANIZATION
ORGANISATION INTERNATIONALE DE TELECOMMUNICATIONS PAR SATELLITES
ORGANIZACION INTERNACIONAL DE TELECOMUNICACIONES POR SATELITE

Belanghebbendes word versoek om vertoë wat hulle in verband met die saak wil rig, skriftelik by die Registrateur van Handelsmerke, Privaatsak X400, Pretoria, 0001, in te dien sodat dit hom binne 30 dae na publikasie van hierdie kennisgewing bereik.

(22 November 1985)

Interested persons are invited to submit, in writing, such representations as they may care to make in regard to the matter to the Registrar of Trade Marks, Private Bag X400, Pretoria, 0001, to reach him within 30 days of the publication of this notice.

(22 November 1985)

KENNISGEWING 742 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOELEINDES VAN 'N OPENBARE PAD

Die Mynkommissaris vir die myndistrik Johannesburg het stroke geproklameerde grond op die plaas Rietvalei 241 IQ, distrik Randfontein, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, soos getoon op kaarte waarvan afdrukke onder RMT R37/84 en R38/84 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die Kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 179 (1) (b) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doeleindes van 'n openbare pad uitgehou.

(19/5/1/1852)

(22 November 1985)

KENNISGEWING 748 VAN 1985

ELEKTRISITEITSBEHEERRAAD

KENNISGEWING VAN OPENBARE VERHOOR

Kennis geskied hiermee dat 'n openbare verhoor ingevolge artikel 43 (3) van die Elektrisiteitswet, 1958 (Wet 40 van 1958), gehou sal word in die konferensiekamer van die Departement van Mineraal- en Energiesake, Blok B, Agste Verdieping, NG Kerk Sinodale Sentrum, Visagiestraat 234, Pretoria, op 6 Desember 1985 om 11h00. Die verhoor hou verband met 'n voorgenome aansoek van Evkom om Staatspresidentsgoedkeuring vir die verpligte koop van regte oor sekere eiendomme van mnr. J. J. Fourie in die distrik Bethal, Transvaal.

(22 November 1985)

KENNISGEWING 749 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING OM KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE KOMMISSIE VIR VARSPRODUKTEMARKE, 1970 (WET 82 VAN 1970), 'N VARSPRODUKTEMARK TOT STAND TE BRING

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (Wet 82 van 1970), dat die Grondeienaarsvereniging van Lochvaal, Posbus 2029, Vanderbijlpark, 1900, by die Minister van Landbou-ekonomie en van Waterwese aansoek gedoen het om goedkeuring om 'n nuwe varsproduktemark op 'n perseel bekend as Erf 16, geleë te Klasie Havengastraat, Vanderbijlpark, tot stand te bring.

Iemand wat vertoë of besware in verband met die bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Kommissie vir Varsproduktemarke, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, rig binne 'n tydperk van vier weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies uitgevaardig kragtens die genoemde Wet. Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 20 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is, op die betrokke applikant moet bestel.

(22 November 1985)

NOTICE 742 OF 1985

DEPARTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSES OF A PUBLIC ROAD

The Mining Commissioner for the Mining District of Johannesburg has, in terms of section 179 (1) (b) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for the purposes of a public road strips of proclaimed land on the farm Rietvalei 241 IQ, District of Randfontein, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, as shown on diagrams, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under RMT R37/84 and R38/84.

(19/5/1/1852)

(22 November 1985)

NOTICE 748 OF 1985

ELECTRICITY CONTROL BOARD

NOTICE OF PUBLIC HEARING

Notice is hereby given that a public hearing will be held in terms of section 43 (3) of the Electricity Act, 1958 (Act 40 of 1958), in the conference room of the Department of Mineral and Energy Affairs, Block B, Eighth Floor, NG Kerk Sinodale Sentrum, 234 Visagie Street, Pretoria, on 6 December 1985 at 11h00. The hearing is in connection with an intended application by Escom for the State President's approval for the compulsory purchase of rights over certain properties of Mr J. J. Fourie, in the District of Bethal, Transvaal.

(22 November 1985)

NOTICE 749 OF 1985

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL TO ESTABLISH A FRESH PRODUCE MARKET IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE COMMISSION FOR FRESH PRODUCE MARKETS ACT, 1970 (ACT 82 OF 1970)

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970 (Act 82 of 1970), that the Lochvaal Property Owners Association, P.O. Box 2029, Vanderbijlpark, 1900, has applied to the Minister of Agricultural Economics and of Water Affairs for approval to establish a new fresh produce market on a stand known as Erf 16, situate at Klasie Havenga Street, Vanderbijlpark.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the above-mentioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Commission for Fresh Produce Markets, Private Bag X250, Pretoria, 0001, within a period of four weeks from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act. Attention is invited to the provisions of regulation 20 (6) of the said regulations which require any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

(22 November 1985)

KENNISGEWING 750 VAN 1985

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE OPRIGTING VAN 'N NUWE ABATTOIR KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE ABATTOIRBEDRYF, 1976 (WET 54 VAN 1976)

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976), dat mnr. P. L. Niemann, Posbus 228, Hertzogville, 2690, kragtens artikel 11 van genoemde Wet by die Minister van Landbou-ekonomie en van Waterwese aansoek gedoen het om goedkeuring vir die oprigting van 'n nuwe abattoir op Onderverdeling van Onderverdeling 11 van die Munisipale Dorpsgronde.

Indien die aansoek toegestaan word, sal die abattoir gebruik word vir die slag van 5 slageenhede per dag vir die voorsiening van vleis aan die inwoners van Hertzogville en distrik. (Een slageenheid = een bees = drie kalwers = 15 skape/bokke = vyf varke.)

Iemand wat vertoë of besware in verband met bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Abattoirkommissie, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, rig binne 'n tydperk van 30 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies kragtens genoemde Wet uitgevaardig.

Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 11 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat vertoë of besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, terselfdertyd 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is op die betrokke applikant moet bestel.

A. D. MARITZ,

namens Voorsitter: Abattoirkommissie.

L.W.—Die regulasies vereis dat besware onder eed bevestig en in drievoud voorgelê moet word.

(22 November 1985)

NOTICE 750 OF 1985

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL FOR THE ERECTION OF A NEW ABATTOIR IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE ABATTOIR INDUSTRY ACT, 1976 (ACT 54 OF 1976)

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976), that Mr P. L. Niemann, P.O. Box 288, Hertzogville, 2690, has in terms of section 11 of the said Act applied to the Minister of Agricultural Economics and of Water Affairs for approval for the erection of a new abattoir on Subdivision of Subdivision 11 of the Municipal Commonage, Hertzogville.

If the application is granted, the abattoir will be used for the slaughter of 5 slaughter units per day for supplying meat to the residents of Hertzogville and district. (One slaughter unit = one head of cattle = three calves = 15 sheep/goats = five pigs.)

Any person intending to submit representations or objections in ragard to the above-mentioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Abattoir Commission, Private Bag X250, Pretoria, 0001, within a period of 30 days from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act.

Attention is invited to the provisions of regulation 11 (6) of the said regulations which require any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

A. D. MARITZ,

for Chairman: Abattoir Commission.

Note.—The regulations require that objections be affirmed under oath and submitted in triplicate.

(22 November 1985)

KENNISGEWING 751 VAN 1985

ADMINISTRASIE: RAAD VAN VERTEENWOORDIGERS

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN LANDBOU

KENNISGEWING AAN BELANGHEBBENDES INGEVOLGE DIE REGULASIES AFGEKONDIG BY GOEWERMENTSKENNISGEWING R. 695 VAN 6 MEI 1966

Kennisgewing geskied hierby ingevolge regulasies 3 van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 695 van 6 Mei 1966 dat die naamlys van geregistreerde okkupeerders in die dorp Rietfontein in die gebied van die Bestuursraad van Mier nou opgestel word.

Alle belanghebbendes moet binne 21 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing met die Bestuursraad in verbinding tree om te verseker dat hul name in voormelde lys opgeneem word.

Belanghebbendes wat nie in die Raadsgebied woon nie en wie se adresse aan die Raad onbekend is vanweë hulle versuim om die Raad daarvan in kennis te stel, word ingevolge regulasie 4 van voormelde Regulasies gewaarsku om self toe te sien dat hul name in voormelde naamlys opgeneem word.

Besonderhede van belanghebbende persone en die regte aan hulle toegeken, moet tesame met hulle geboortedatums en identiteitsnommers aan Die Sekretaris, Bestuursraad, Mier, 8811, gestuur word.

(22 November 1985)

NOTICE 751 OF 1985

ADMINISTRATION: HOUSE OF REPRESENTATIVES

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND AGRICULTURE

NOTICE TO INTERESTED PERSONS IN TERMS OF THE REGULATIONS PROMULGATED BY GOVERNMENT NOTICE R. 695 OF 6 MAY 1966

Notice is hereby given in terms of regulation 3 of the Regulations promulgated by Government Notice R. 695 of 6 May 1966 that the list of names of registered occupiers in Rietfontein township in the area of the Board of Management of Mier is now being compiled.

All interested persons must contact the board within 21 days from the date of publication of this notice to ensure that their names are recorded in the said list.

Interested persons who are not resident in the Board area and whose addresses are not known to the Board on account of their failure to notify the Board thereof, are warned in terms of regulation 4 of the aforesaid Regulations to ensure that their names are included in the said list.

Particulars of interested persons and their rights, including their dates of birth and identity numbers, must be sent to The Secretary, Board of Management, Mier, 8811.

(22 November 1985)

KENNISGEWING 752 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

WET OP PROFESSIONELE INGENIEURS, 1968 (WET 81 VAN 1968)

AANSTELLING VAN LEDE EN PLAASVERVANGENDE LEDE VAN DIE BEHEERRAAD VIR PROFESSIONELE TEGNOLOË (INGENIEURSWESE)

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Kommunikasie en van Openbare Werke, ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 30A (3) van die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2543 van 23 November 1984, die persone in die Bylae hiervan genoem aangestel het as lede en plaasvervangende lede van die Beheerraad vir Professionele Tegnoloë (Ingenieurswese) vir 'n tydperk van vier jaar met ingang van 1 Maart 1985.

NOTICE 752 OF 1985

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

PROFESSIONAL ENGINEERS' ACT, 1968 (ACT 81 OF 1968)

APPOINTMENT OF MEMBERS AND ALTERNATE MEMBERS OF THE BOARD OF CONTROL FOR PROFESSIONAL TECHNOLOGISTS (ENGINEERING)

It is hereby notified that the Minister of Communications and of Public Works has, by virtue of the regulations promulgated in terms of section 30A (3) of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), and published by Government Notice R. 2543 of 23 November 1984, appointed the persons mentioned in the Schedule hereto members and alternate members of the Board of Control for Professional Technologists (Engineering) for a period of four years with effect from 1 March 1985.

BYLAE/SCHEDULE

Lid Member	Regulasie waarkragtens aangestel Regulation in terms of which appointed	Plaasvervangende lid Alternate member	Regulasie waarkragtens aangestel Regulation in terms of which appointed
Vivian Barnard	2.1.1	Pieter Andries Swanepoel	2.3
Gerrit Evert Sigbesma	2.1.2	Bertrand Lawrence Duggan	2.3
Anthony Edward Goldstein	2.1.2	Samuel David Devy	2.3
Daniel Jacobus Jordaan	2.1.2	Johannes Christiaan van Schalkwyk	2.3
Terence Edmond Stidworthy	2.1.2	Frederik Stefanus van Tonder	2.3
Raimund Stefanus Loubser	2.1.3	Dirk Wouter de Vos	2.3
Graham Henry Walter Bodman	2.1.4	David Roy Bird	2.3
Frederik Theodoor Cornelissen	2.1.4	Dennis Peter du Plooy	2.3
Ronald James Wedderburn	2.1.4	Vivian Nel	2.3
Lanyon Carr	2.1.4	Arthur Robert Barnes	2.3
Leon Jansen	2.1.4	Willem Adolph Krige	2.3
Guthrie John Head	2.1.4	Vittorio Secondo Italo Beretta	2.3
Demetrios Argyrakis	2.1.4	Lukas Johannes Rootman	2.3
Adrianus Rouvoet	2.1.4	Julian Segal	2.3

(22 November 1985)

KENNISGEWING 753 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

WET OP PROFESSIONELE INGENIEURS, 1968 (WET 81 VAN 1968)

AANSTELLING VAN LEDE EN PLAASVERVANGENDE LEDE VAN DIE ADVISERENDE ONDERWYSKOMITEE VIR PROFESSIONELE TEGNOLOË (INGENIEURSWESE)

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Kommunikasie en van Openbare werke, ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 30A (3) van die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2543 van 23 November 1984, die persone in die Bylae hiervan genoem aangestel het as lede en plaasvervangende lede van die Adviserende Onderwyskomitee vir Professionele Tegnoloë (Ingenieurswese) vir 'n tydperk van vier jaar met ingang van 1 Maart 1985.

NOTICE 753 OF 1985

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

PROFESSIONAL ENGINEERS' ACT, 1968 (ACT 81 OF 1968)

APPOINTMENT OF MEMBERS AND ALTERNATE MEMBERS OF THE EDUCATION ADVISORY COMMITTEE FOR PROFESSIONAL TECHNOLOGISTS (ENGINEERING)

It is hereby notified that the Minister of Communications and of Public Works has, by virtue of the regulations promulgated in terms of section 30A (3) of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), and published by Government Notice R. 2543 of 23 November 1984, appointed the persons mentioned in the Schedule hereto members and alternate members of the Education Advisory Committee for Professional Technologists (Engineering) for a period of four years with effect from 1 March 1985.

BYLAE/SCHEDULE

Lid Member	Regulasie waarkragtens aangestel Regultion in terms of which appointed	Plaasvervangende lid Alternate member	Regulasie waarkragtens aangestel Regulation in terms of which appointed
Arthur Edward Clarke	6.2.1	Nicolaas Beute	6.3
Brian de Lacy Figaji	6.2.1	Louis Vincent Engelbrecht	6.3

Lid Member	Regulasie waarkragtens aangestel Regultion in terms of which appointed	Plaasvervangende lid Alternate member	Regulasie waarkragtens aangestel Regulation in terms of which appointed
Eduard Christiaan Smit	6.2.2	Johannes Daniel Mostert	6.3
Henry Albert Matthews	6.2.2	Jan Boer	6.3
Barry John Bluhm	6.2.3	Johannes Jansen	6.3
Petrus Jacobus Burns	6.2.3	Jacobus Johannes Groenewald	6.3
Nicolaas Louis van Rooyen	6.2.3	Willem Anthony van der Westhuizen	6.3
Samuel David Devy	6.2.3	Cornelius Gregorius de Bruin	6.3
Desmond Rhodes Davis	6.2.5	Dirk Wouter de Vos	6.3

(22 November 1985)

KENNISGEWING 754 VAN 1985

DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekend gemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning of bestryding van 'n aansoek moet die Direkteur-generaal: Vervoer (Direktoraat Burgerlugvaart), Privaatsak X193, Pretoria, 0001, en die aansoeker binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die aansoeker en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

BYLAE B

LYS VAN AANSOEKE OM DIE HERNUWING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Soort lugdiens ten opsigte waarvan hernuwing aangevra word en die nommer en datum van bestaande lisensie. (D) Besonderhede van lisensie. (i) Gebied wat bedien gaan word. (ii) Roete(s) en frekwensie(s) wat bedien gaan word. (iii) Uitgangsbasis(se). (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vi) Soort werk wat onderneem gaan word. (vii) Tariefskaal. (E) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) Heliquip (Edms.) Bpk., Posbus 18011, Randlughawe, 1419. (B) Heliquip (Edms.) Bpk. (C) Handelslugdienslisensie W930, gedateer 27 November 1984. (D) (vi) Geofisiese, geologiese, omgewingsbesoedelings-, kus- en marine-opnames, konstruksie en oprigting insluitende onderhangende vragte en slingerwerk, vertikale en skuinsfotografie, gestabiliseerde lugkinematografie, natuurbewaring, wilduitdunning, -telling en -vangs; kraglyn-, pyplyn-, spoorlyn-, pad- en ander patrollies, seismiese ondersteuning en skeepdiens aan skepe geanker naby,

NOTICE 754 OF 1985

DEPARTMENT OF TRANSPORT

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT 51 OF 1949), AS AMENDED

Pursuant to the provisions of section 5 (a) and (b) of Act 51 of 1949 and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, 1964, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act 51 of 1949 in support of, or in opposition to, an application should reach the Director-General: Transport (Directorate Civil Aviation), Private Bag X193, Pretoria, 0001, and the applicant within 21 days of the date of publication hereof stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

SCHEDULE B

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR RENEWAL OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is being operated. (C) Class of air service in respect of which renewal is sought and number and date of existing licence. (D) Particulars of licence. (i) Area to be served. (ii) Route(s) and frequencies to be served. (iii) Base(s). (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Types of training to be provided. (vi) Types of work to be undertaken. (vii) Tariff of charges. (E) Aircraft to be used.

(A) Heliquip (Pty) Ltd, P.O. Box 18011, Rand Airport, 1419. (B) Heliquip (Pty) Ltd. (C) Aerial Work Air Service Licence W930, dated 27 November 1984. (D) (vi) Geophysical, geological, environmental pollution, coastal and marine surveys, construction and erection including underslung loads and winch operations, vertical and oblique photography, stabilised aerial cinematography, game and wild life protection, culling, counting and capture; powerline, pipeline, railway line, road and other patrols, seismic support and ship service to ships anchored off, destined for or

bestem vir of vertrekkende vanaf Saldanhabaai. Die lugtoediening van insekdoders en onkruiddoders, bosuitroeiing en bemesting en bestuiwing, slegs deur helikopters. (vii) en (E):

Lugvaartuig	*Tarief: R per uur*
Hughes 269C ZS-HPA, ZS-HCJ, ZS-HEU en ZS-HFP	210 tot 235
Hughes 369HS ZS-HFK	320 tot 350
Aerospatiele SA 341G ZS-HYI	360 tot 395
Aerospatiele 350B ZS-HIU, ZS-HKJ, ZS-HKN en ZS-HKV	405 tot 460
Hiller UH-12E ZS-HKO en ZS-HEZ	250 tot 275
Bell 206B ZS-HIV, ZS-HJU en ZS-HHR	360 tot 400
Een Lama SA 315B-lugvaartuig of afhangende van die aard van kontrak	550 tot 625

(A) Ultra Air (Edms.) Bpk., Posbus 18011, Randlughawe, 1419. (B) Ultra Air (Edms.) Bpk. (C) Vliegopleidingslugdienslisensie F840 gedateer 6 Desember 1983. (D) (iii) Wonderboom. (v) Omskakelingskursus vanaf vastevlerklugvaartuie na rotortuie. (vii) Hiller UH12E R250 tot R275 per uur en Bell 206B R350 tot R375 per uur. (E) Hiller UH12E ZS-HGW, ZS-HFY, ZS-HFV en ZS-HFX en Bell 206B ZS-HHR.

(A) Ultra Air (Edms.) Bpk., Posbus 18011, Randlughawe, 1419. (B) Ultra Air (Edms.) Bpk. (C) Handelslugdienslisensie W841, gedateer 6 Desember 1983. (D) (vi) Om 'n platform te verskaf vir die neem van lugfoto's uitgesonderd foto's vir kartografiese doeleindes; wildvangs en aanverwante werk; pad- en verkeersopnames; ligtoringbediening en instandhouding, hyswerk en aanverwante dienste; gewas- en algemene spuitwerk vir die strooi van chemikalieë en kunsmis. (vii) R3 tot R4,50 per ha, R140 per uur of sodanige ander tarief as waaroor ooreengekom mag word vir spesifieke soort werk. Robinson R22 R300 per uur. (E) Hiller UH12E ZS-HFX, ZS-HFV en ZS-HGW en Robinson R22 ZS-HLG.

BYLAE D

LYS VAN AANSOEKE OM DIE VERANDERING OF WYSIGING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Besonderhede betreffende die lisensie en die verandering of wysiging daarvan of die voorwaardes daarvan ten opsigte waarvan aansoek gedoen is.

(A) Transair (Edms.) Bpk., Posbus 18029, Randlughawe, 1419. (B) Transair (Edms.) Bpk. (C) Nie-vasgestelde-lugvervoerdienslisensie N505. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" en "Tariefskaal" voeg by: "Beech 200 ZS-JPD, R2 tot R3 per kilometer".

(22 November 1985)

departing from Saldanha Bay. The aerial application of insecticides and herbicides, bush eradication and dusting, by helicopters only. (vii) and (E):

Aircraft	*Tariff: R per hour*
Hughes 269C ZS-HPA, ZS-HCJ, ZS-HEU and ZS-HFP	210 to 235
Hughes 369HS ZS-HFK	320 to 350
Aerospatiele SA 341G ZS-HYI	360 to 395
Aerospatiele 350B ZS-HIU, ZS-HKJ, ZS-HKN and ZS-HKV	405 to 460
Hiller UH-12E ZS-HKO and ZS-HEZ	250 to 275
Bell 206B ZS-HIV, ZS-HJU and ZS-HHR	360 to 400
One Lama SA 315B aircraft or dependant on the nature of the contract	550 to 625

(A) Ultra Air (Pty) Ltd, P.O. Box 18011, Rand Airport 1419. (B) Ultra Air (Pty) Ltd. (C) Flying Training Air Service Licence F840, dated 6 December 1983. (D) (iii) Wonderboom. (v) Conversion courses from fixed to rotary wing aircraft. (vii) Hiller UH12E R250 to R275 per hour and Bell 206B R350 to R375 per hour. (E) Hiller UH12E ZS-HGW, ZS-HFY, ZS-HFV and ZS-HFX and Bell 206B ZS-HHR.

(A) Ultra Air (Pty) Ltd, P.O. Box 18011, Rand Airport, 1419. (B) Ultra Air (Pty) Ltd. (C) Aerial Work Air Service Lincence W841 dated 6 December 1983. (D) (vi) To provide a platform for the taking of aerial photographs excluding photography for cartographic purposes; game capturing and associated work; road and traffic surveys; lighthouse servicing and maintenance; hoisting and slinging; crop and general spraying for the dusting of chemicals and fertiliser. (vii) R3 to R4,50 per ha, R140 per hour or such tariff as agreed upon for a spesific type of work. Robinson R22 R300 per hour. (E) Hiller UH12E ZS-HFX, ZS-HFV and ZS-HGW and Robinson R22 ZS-HLG.

SCHEDULE D

LIST OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is operated. (C) Particulars of the licence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which has been applied for.

(A) Transair (Pty) Ltd, P.O. Box 18029, Rand Airport, 1419. (B) Transair (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence N505. Under "Aircraft to be used" and "Tariff of charges" add: "Beech 200 ZS-JPD, R2 to R3 per kilometre".

(22 November 1985)

KENNISGEWING 755 VAN 1985

DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR NATUURWETENSKAPLIKES

ERKENNING VAN 'N VERENIGING VAN NATUURWETENSKAPLIKES

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Natuurwetenskaplikes het kragtens artikel 7 (1) (1) van die Wet op Natuurwetenskaplikes, 1982 (Wet 55 van 1982), erkenning verleen aan die volgende vereniging as 'n vereniging van natuurwetenskaplikes vir doeleindes van gemelde Wet:

Die Fisiologiese Vereniging van Suider Afrika.

(22 November 1985)

NOTICE 755 OF 1985

THE SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR NATURAL SCIENTISTS

RECOGNITION OF AN ASSOCIATION OF NATURAL SCIENTISTS

The South African Council for Natural Scientists has in terms of section 7 (1) (1) of the Natural Scientists' Act, 1982 (Act 55 of 1982), recognised the following association as an association of natural scientists:

The Physiological Society of Southern Africa.

(22 November 1985)

Staatskoerant

van die Republiek van Suid-Afrika

VOORWAARDES VIR DIE PUBLIKASIE VAN WETLIKE KENNISGEWINGS

Sluitingstye vir die aanname van kennisgewings

1. Die *Staatskoerant* word weekliks op Vrydag gepubliseer en die sluitingstyd vir die aanname van kennisgewings wat op 'n bepaalde Vrydag in die *Staatskoerant* moet verskyn, is 15h00 op die voorafgaande Vrydag. Indien enige Vrydag saamval met 'n openbare vakansiedag, verskyn die *Staatskoerant* op 'n datum en is die sluitingstye vir die aanname van kennisgewings soos van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* bepaal.

2. (1) Wanneer 'n aparte *Staatskoerant* verlang word moet dit drie kalenderweke voor publikasie ingedien word.

(2) Kopie van kennisgewings wat na sluitingstyd ontvang word, sal oorgehou word vir plasing en die eersvolgende *Staatskoerant*.

(3) Wysigings van of veranderings in die kopie van kennisgewings kan nie onderneem word nie tensy opdragte daarvoor ontvang is **voor 15h30 op Maandae.**

(4) Kopie van kennisgewings vir publikasie kan nie oor die telefoon aangeneem word nie.

(5) In geval van kansellasie sal die terugbetaling van die koste van 'n kennisgewing oorweeg word slegs as die opdrag om te kanselleer op of voor die vasgestelde sluitingstyd soos in paragraaf 1 hierbo aangedui, ontvang is.

Goedkeuring van kennisgewings

3. Kennisgewings, behalwe wetlike kennisgewings, is onderworpe aan die goedkeuring van die Staatsdrukker wat kan weier om enige kennisgewing aan te neem of verder te publiseer.

Vrywaring van die Staatsdrukker teen aanspreeklikheid

4. Die Staatsdrukker aanvaar geen aanspreeklikheid vir—

(1) enige vertraging by die publikasie van 'n kennisgewing of vir die publikasie daarvan op 'n ander datum as dié deur die adverteerder bepaal;

(2) die foutiewe klassifikasie van 'n kennisgewing of die plasing daarvan onder 'n ander afdeling of opskrif as die afdeling of opskrif wat deur die adverteerder aangedui is;

(3) enige redigering, hersiening, weglating, tipografiese foute of foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan.

Aanspreeklikheid van adverteerder

5. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat ontstaan uit enige aksie wat weens die publikasie van 'n kennisgewing teen die Staatsdrukker ingestel mag word.

Kopie

6. Die kopie van kennisgewings moet slegs op een kant van die papier getik wees en mag nie deel van enige begeleidende brief of dokument uitmaak nie.

7. Bo aan die kopie, en weg van die kennisgewing, moet die volgende aangedui word:

(1) Die aard van die kennisgewing;

(2) die opskrif waaronder die kennisgewing geplaas moet word;

(3) die tarief (bv. "Vaste tarief", of "Woordetal-tarief") wat op die kennisgewing van toepassing is, en die koste verbonde aan die plasing daarvan.

8. Alle eiename en familiename moet duidelik leesbaar wees en familiename moet onderstreep of in hoofletters getik word. Indien 'n naam verkeerd gedruk word as gevolg van onduidelike skrif, sal die kennisgewing alleen na betaling van die koste van 'n nuwe plasing weer gepubliseer word.

Betaling van koste

9. Geen kennisgewing word vir publikasie aanvaar nie tensy die koste van die plasing(s) daarvan vooruit betaal is deur middel van ongekanselleerde inkomsteseëls.

10. (1) Die koste van 'n kennisgewing moet deur die adverteerder bereken word in ooreenstemming met—

(a) die lys van vaste tariewe; of

(b) indien die vaste tariewe nie van toepassing is nie, die woordetal-tariewe.

(2) In gevalle van twyfel oor die koste verbonde aan die plasing van 'n kennisgewing en in die geval van kopie met meer as 1 600 woorde, moet 'n navraag, vergesel van die betrokke kopie, voor publikasie aan die Advertensie-afdeling, Staatsdrukkery, Privaatsak X85, Pretoria, 0001, gerig word.

11. Ongekanselleerde inkomsteseëls wat die juiste bedrag van die koste van 'n kennisgewing of die totaal van die koste van meerdere kennisgewings verteenwoordiges, moet op die kopie geplak word.

12. Oorbetalings op grond van 'n foutiewe berekening van die koste verbonde aan die plasing van 'n kennisgewing deur die adverteerder word nie terugbetaal nie tensy die adverteerder voldoende

Government Gazette

of the Republic of South Africa

CONDITIONS FOR THE PUBLICATION OF LEGAL NOTICES

Closing times for the acceptance of notices

1. The *Government Gazette* is published every week on Friday, and the closing time for the acceptance of notices which have to appear in the *Government Gazette* on any particular Friday, is 15h00 on the preceding Friday. Should any Friday coincide with a public holiday, the date of publication of the *Government Gazette* and the closing time of the acceptance of notices will be published in the *Government Gazette*, from time to time.

2. (1) The copy for a separate *Government Gazette* must be handed in not later than three calendar weeks before date of publication.

(2) Copy of notices received after closing time will be held over for publication in the next *Government Gazette*.

(3) Amendment or changes in copy of notices cannot be undertaken unless instructions are received **before 15h30 on Mondays.**

(4) Copy of notices for publication cannot be accepted over the telephone.

